

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Wat verras jou nog?

Skriflesing: Matteus 28:1-10 (1953)

¹ EN laat ná die sabbat toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdaléna en die ander Maria om na die graf te gaan kyk.

² En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit.

³ En sy gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu.

⁴ En uit vrees vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.

⁵ Maar die engel antwoord en sê vir die vroue: Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is.

⁶ Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het;

⁷ en gaan haastig, sê vir sy dissipels: Hy het opgestaan uit die dode en gaan voor julle uit na Galiléa. Daar sal julle Hom sien. Kyk, ek het julle dit gesê.

⁸ En hulle het haastig weggegaan van die graf met vrees en groot blydschap, en gehardloop om dit aan sy dissipels te vertel.

⁹ En terwyl hulle op weg was om dit aan sy dissipels te vertel, kom Jesus hulle meteens teë en sê: Wees gegroet! Toe kom hulle nader en gryp sy voete en aanbid Hom.

¹⁰ En Jesus sê vir hulle: Moenie vrees nie. Gaan heen en vertel my broeders dat hulle na Galiléa moet gaan; en daar sal hulle My sien.

Broodjies vir die pad

Ek dank die God van Pase

Danny Titus

Dis môre Goeie Vrydag. Seker die belangrikste datum vir my op die kerkkalender.

Ja, natuurlik is Christus se koms na die aarde, Sy opstanding en Sy hemelvaart van ewe veel en vir baie selfs van groter belang.

Goeie Vrydag en Pase lê vir my baie diep. Dis die tyd van hot cross buns en Easter eggs. Ons het nie Afrikaanse woorde daarvoor gebruik nie. Dit klink so uit karakter uit. Pickled fish en geen vleis nie. En ja, die gesange en bidure in ons kerk. Dit het so deur jou gesny.

“Ek sien Hom hang daar aan die kruis, die Hemelvors, bebloed verguis”, onthou ek nou nog so helder uit my kinderdae en ons kerkbelewenis. “En solank as ek hier nog moet bly, klem ek vas aan die ou ruwe kruis waaraan Jesus gesterf het vir my.”

Die “Ou ruwe kruis” is 'n classic in ons gemeenskap. Die hele gemeente kon dit uit volle bors saamsing. Sondagmiddae

wanneer my ma agter die klavier ingeskuif het, het ons hele gesin lustig meegedoen aan die rituele.

My pa met sy gemaakte bas, ons kinders wat op die tone staan om die note te bereik en die “Ou ruwe kruis” wat saam met die ander Paasgesange ons longe en lewens volmaak.

Op Paassondag word die begraafplaas skoongemaak, die grafte met nuwe blomme beklee en die basuinekoor blaas die Paasgesange so tussen die grafte deur.

In die Morawiese kerk, het ek later agtergekom, is hul dag Saterdag. Dan word daar behoorlik gewoel en gewerskaf by die grafte.

Op Genadendal, waarvandaan my skoonfamilie kom, is dit 'n kultuurbelewenis. Die begraafplaas lê so teen 'n koppie en almal kom van heinde en verre om hul familiegrafte te bewerk.

Buite staan die suikerbossieblomme en ander toebehore van groen en struik te koop. Die waterkraan is ook 'n bymeekaarkomplek waar vriende en kennisse weer hul bande verstewig.

As jy jou kop so oplig teen die koppie op, is dit net 'n sierkrans van grafte wat in volle bloemrykheid staan.

Ek woon een jaar 'n Paasdiens op Genadendal by en die gemeente staan so in 'n halfmaan aan die toppunt van die koppie.

Die predikant staan in die middel en lewer 'n formidabele preek. Die eerste helfte van die preek gaan oor die bleekheid van die dood, van die donker, van Christus in die graf. Toe hy kom by die opstanding in die tweede helfte, kom die son agter die koppie reusagtig op en skyn op die halfmaansirkel en die grafte.

Ek sal dit nooit vergeet nie. Ek dink terug aan die sendeling Georg Schmidt, wat daar op Genadendal die Hessequa-vrou Vehetgge Tikkuie in 1742 gedoop het tot Moeder Lena.

Die kontak op Suid-Afrikaanse bodem waar inheemse mense bekeer word tot Christendom.

Dr. Willa Boesak gaan in sy boek *So glo ons in diepte* daarop in. Ek dink aan die drukpers op Genadendal waar die Hollands-Afrikaanse novelle *Benigna van Groenekloof* of *Mamre* in 1873 verskyn het.

Die lewe van die slawevrou Rosetta, wat so graag wou weet wat dit is wat die Nederlanders so interesseer in die boek wat hulle die Bybel noem. Sy het tot 102 as 'n Christen-vrou op Mamre geleef.

Dan was daar Jana van den Berg, die slawevrou van Kuilsrivier wat vyf uur op Sondag Stellenbosch toe gestap het om kerk toe te gaan. Sy is later deur die Rynse sendelinge ondersteun en die Sarepta-kerk is by haar huisie gebou en staan vandag ná 171 jaar steeds.

Die vroue laat my dink aan die vroue van Opstandingsondag. Ek dink aan hul stryd en die pyn en lyding van slawerny, van uitsigloosheid. En hul vreugdes in die strale van die Opstanding.

Ek eer hul nalatenskap en ek dank die God van Pase.

<http://www.beeld.com/opinie/2014-04-16-ek-dank-die-god-van-pase>



Afsku, want ek doen mee aan Oscar-'show'

Wilhelm Jordaan

Afsku is 'n sterk emosie wat 'n mens liefsvol uit jou emosionele repertorium moet hou. Tog is dit 'n emosie wat ek by die dag feller beleef.

Alles te wyte aan die Oscar Pistorius-show – soos dit daagliks voyeuristies ontvou op TV en radio, en in koerante,

sosiale media en gesprekke. En ek het afsku aan myself omdat ek daaraan meedoen; aanhou kyk, lees, luister en saampraat.

Toestemming aan die media om Pistorius se verhoor ook audiovisueel te dek het onder meer berus op die publiek se reg om te weet. Met die implikasie dat dit mense se verstaan van regspleging sal bevorder; as 'n soort aanskouingsles.

Wat 'n mens van die formele hofverrigtinge beleef, is inderdaad leersaam – hoe die reg, via fel “vervolging” en fel “verdediging”, poog om mededingende “waarhede” oor 'n treurige gebeurtenis daar te stel. Waaroor 'n regter uiteindelik sal beslis deur die weeg van getuienis. Sodat die waarheid seëvier.

Wat egter bykom, is die vergrype van 'n sideshow – die meedoënlose voyeurisme waarmee “ingeloer” word op elke gesigsuitdrukking, elke teken van emosie, elke rou snik en huilerige oomblik, elke preweling, elke springende spiertjie, elke traan, elke bleek word, elke opgooi, elke wat ook al van die betrokkenes.

Soms vergesel van grafiese besonderhede. Soos in 'n Sondagkoerant-artikel: “...toe draf die polisieman om die groen emmer te gaan haal toe Oscar se maag rebelleer teen die staatspatoloog se detailbeskrywings van bloedsplatsels. Ses rye verder kom die suur klankie na ons toe aangedryf...”

Is dit wat die reg om te weet beteken? Met nog meer in die toekoms; dat die “feite” van getuienis kreatief uitgebrei mag word tot iets veel opwindender; 'n skouspel wat jou binnegoed laat draai?

Sodat kykers en lesers in die verbeelding alles kan ervaar, sien, hoor, ruik en proe: elke doodsgeroeggel en sterwensgil, elke druppel bloed en angssweet, elke versnelde hartklop en polsslag, die saamtrek van die vinger op die sneller en die klewerige handgreep op die hef van 'n jagtersmes...

Net so onthutsend as die voyeurisme, is die ontluikende hoëpriesters van die regspleging, die nuwe orakels, veral in die sosiale media. Hulle wat byvoorbeeld smalend, hard, venynig, leedvermakerig en twyfelloos verklaar: Oscar, ons gevalle held, is skuldig. Laat hom boet!

Sonder om te begryp dat hy tot nou toe aan niks meer skuldig is nie as dit waaraan ons almal van tyd tot tyd skuldig is: Om selfbehep te wees; onredelike eise aan 'n geliefde te stel; buite jouself woedend te word; jaloers te wees; net te onthou wat jou pas; oordeelsfoute te maak...

Verby die voyeurisme en die al te maklike “regspraak” geld 'n suiwer beginsel: 'n Mens is onskuldig totdat skuld bo alle redelike twyfel bewys is. As dit so sou gebeur, kom die sagter kyk na die hele mens ter sprake. En die nodige straf.

<http://www.beeld.com/opinie/2014-04-15-afsku-want-ek-doen-mee-aan-oscar-show>

Brood vir die pad

Sulke onwetenskaplike 'toevallighede soos mossies en lapelwapens' (vgl Anthony Lee) spreek tot die mens se hart en bring hoop. (Toneel uit die rolprent Philomena)

Twee mossies vir 'n stuiwer

Anette Marais sit op 'n stomp en skud die stof van haar verslete klere af. Rondom haar sit die groepie bekende gesigte van moeë vrouens. Net 'n paar tree verder is die hoë draad van die konsentrasie kamp. Sy slaan haar Bybel oop en begin lees. Sy het in die donker ure van die nag geworstel met God en

Hom gesmeek vir 'n boodskap om hierdie vrouens te bemoedig, want wie weet hoe lank nog

Anette lees die woorde van Matt 10:29 – “Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie, en tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie.”

Terwyl sy besig is om hierdie woorde te lees, kom sit daar 'n vaal klein mossie op haar skouer.

Die groepie vrouens staar in verbasing na wat voor hulle gebeur, en so word die mossie, die teken van hoop in die onmoontlike omstandighede van die konsentrasie kamp in Bethulie.

Dit was fantasties om in die maande wat volg te sien hoe die mossies van Bethulie 'n baken van geloof en hoop word vir hierdie vrouens.

Op 21 Mei 1902 was die oorlog verby, Anette het op pad terug na haar huis gestop by 'n vrou met invloed en haar vertel van die mossie-boodskap, sy het dit weer oorvertel en Genl Jan Smuts het in 1923 die mossie op die land se kleinste muntstuk (kwartpennie) laat verskyn. Amper 80 jaar later sit Jak de Priester in 'n park in Londen. Sy geld is op, hy kry nie werk nie, hy mis die meisie van sy drome en sonskyn en biltong. Hy slaan sy klein silwer Bybeltjie oop en lees die “mossie” boodskap en bid vir die soveelste keer vir werk! Vroeg die volgende oggend lui sy telefoon en dis die oproep waarvoor hy gewag het, hy spring op die eerste trein en begin met 'n lang dag se onderhoude. Moeg maar gelukkig en met 'n permanente werk klim hy weer laatmiddag op die trein. Toe hy inklim sien hy 'n muntstuk op die vloer lê, hy tel dit op, en daar op 'n trein in Londen hou hy 'n Suid-Afrikaanse 1c in sy hand, met 'n mossie agter op. Hy vertel dat die wêreld rondom hom gaan stil staan het, dat hy besef het dat God daar by hom op die trein is en dat gebed sy waarborg is in hierdie stukkende wêreld.

Vandag 'n paar jaar later, skud ek my beursie uit. Ek sit 'n 1c neer vir my vriendin met borskanker, nog 'n 1c vir huwelike wat sukkel, 'n 1c vir iemand na aan my hart se werksomstandighede, vir enkel ouers en weduwees, en ek besef die mossie boodskap is dalk net een versie in 'n dik Bybel, maar 'n Almagtige, liefdevolle God staan agter dit!

Here, dankie, dat daar altyd hoop is. Dankie, vir bakens langs die pad wat ons help om geduldig te wees, terwyl ons wag vir U, om op die perfekte tyd ons omstandighede te verander. Gister terwyl ek vir my kliënte sit en wag en ek dieselfde boodskap vir my vrou gestuur het, het 3 mossies op my voertuig se voorste “bushbar” kom sit en het ek dadelik geweet ons Koning praat met my om my gerus te stel. Daar is niemand soos Hy nie en Hy sal altyd na ons kyk en ons versorg. Hy's net 'n gebed ver. Geseënde “mossie” dag vir jou. Shalom. Stuur aan om te bemoedig en maak die Here se naam groot!

Mag God Homself ook vandag op 'n besondere manier aan jou openbaar.

(Almero Cloete)